SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Kyk- en Leesbegrip (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | Taal (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

5. Trek ʼn streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ʼn reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

**TEKS A:**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



### WATER, DIE BRON VAN ALLE LEWE!

1 Water is lewe. Lewe op aarde is al vir miljoene jare vir oorlewing van water afhanklik. Toe Neil Armstrong in 1969 op die maan geland het, het hy die planeet Aarde beskryf as "'n blink blou pêrel wat in die ruimte spin". Ongeveer 70% van die aarde se oppervlak is met water bedek, maar hiervan is ongeveer 97% soutwater en die oorblywende 3% varswater. Van hierdie 3% is minder as 1% vir lewe op aarde beskikbaar, terwyl die res in die vorm van ys by die pole, is.

2 Die water op aarde is baie oud. Dieselfde water wat ons vandag gebruik, is miljoene jare gelede deur die dinosourusse gebruik. Dis omdat die aarde sy eie water hergebruik. Dit word die watersiklus genoem. Die hoeveelheid water op die aarde is konstant en kan nie verhoog of verminder word nie, maar dit word nie eweredig oor die aarde versprei nie. Suid-Afrika het 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 492 millimeter, terwyl die res van die aarde 985 millimeter kry. Dis omtrent die helfte van die aarde se gemiddeld. Suid-Afrika is daarom 'n waterskaars land. Dit is een van die redes hoekom boere sukkel om kop bo water te hou.

3 Die feit dat daar soveel water op die planeet is, sê vir ons dat water seker een van die belangrikste bronne, ook vir menslike gebruik is.

4 Die meeste ma's waarsku gereeld hul kinders om eerder water as soet koeldrank te drink en as die vetrolletjies begin dreig, drink ons sommer self ook 'n ekstra glas of twee. Maar watter rol speel water in jou liggaam? Hier's 'n paar interessante feite.



- Altesaam 75 persent van jou liggaam is water.
- Detoks is belangrik wanneer jy dieet en water is belangrik vir die detoks-proses. Dit los afvalstowwe op en vervoer dit na jou niere. Daarvandaan word dit deur jou urine uitgeskei.
- Drink 'n glas water 30 minute voor ete. Dit sal jou minder honger laat voel en jou kalorie-inname verlaag. Maar moenie water drink terwyl jy eet nie, want dit verdun die ensieme in jou maag wat die kos moet afbreek.
- Water los minerale en voedingstowwe op sodat jou liggaam dit kan absorbeer.
- Drink koue water; jou liggaam gebruik energie om dit dan warmer te maak.
- Twee liter water kan jou metabolisme met 30 persent verhoog. As jy genoeg water drink, voel jy versadig en eet jy minder.
- Eet kos met 'n hoë waterinhoud, soos sop, slaai en vrugte. Dit bevat minder kilojoules.
- Selluliet word veroorsaak deur die opbou van gifstowwe weens onderaktiewe limfkliere. Water stimuleer die limfkliere en help so om gifstowwe te verwyder en die vorming van selluliet te verminder.
- Wanneer jy dors voel, is jou liggaam klaar effens ontwater.

Kopiereg voorbehou

- Jy kan tot vyf dae sonder water oorleef.
- Die meeste kraanwater is net so gesond soos gebottelde water, laasgenoemde kan ook net gefiltreerde kraanwater wees. Plastiekbottels laat estrogeen in die water vry; daarom is dit beter om ŉ glasbottel of vlekvrye staalbottel te gebruik.

5 Hoeveel water is genoeg vir jou?

- Agt glase water per dag is die ideaal vir die deursneemens.
- Vir elke kafeïendrankie of glas alkohol wat jy drink, moet jy drie ekstra glase water drink.
- Jy moet een glas (250 ml) water per 10 kg liggaamsgewig drink.

6 Die waarde van water

- Water verlig die las op die niere en lewer deur afvalprodukte weg te spoel. Dit ...
- bevogtig weefsel van die mond, oë en neus;
- reguleer liggaamstemperatuur;
- beskerm organe en weefsel;
- hou gewrigte buigsaam;
- voorkom konstipasie;
- los voedingstowwe op en stel dit aan die liggaam beskikbaar;
- vervoer voedingstowwe en suurstof na selle.

7 As jy oefen moet jy …

- ’n paar uur voor jou oefensessie twee glase water ekstra drink.
- nog ’n glas ’n halfuur voor jy begin oefen drink.
- ’n glas water vir elke kwartier wat jy oefen drink.
- jouself voor en direk ná ’n oefensessie weeg om te sien hoeveel water jy ná die tyd moet drink. Drink ’n halwe liter water vir elke halwe kilogram wat jy verloor.



[Aangepas uit http://www.waterwise.co.za/site/water/environment/situation-afrikaans.html en http://huisgenoot.com/nuus/interessante-feite-oor-water-en-jou-liggaam/]

1.1 Hoeveel persent van die aarde se oppervlakte is land? (1)

1.2 Die woord ***afhanklike*** (par. 1) beteken ... (1)

A iets wat onbelangrik is.
B jy kan daarsonder klaarkom.
C iets wat natuurlik is.
D jy kan nie daarsonder klaarkom nie. (1)

1.3 Waar kry ons die meeste varswater op aarde?

1.4 Wat, beteken ***Die aarde hergebruik sy eie water***? (par. 2) Beantwoord in ŉ volsin. (1)

1.5 Hoekom kan ons sê dat Suid-Afrika ŉ waterskaars land is? (par. 2) (1)

1.6 Hoekom is water belangrik as ŉ mens detoks? (1)

1.7 1.7.1 Het die volgende uitdrukking ŉ denotatiewe of ŉ konnotatiewe betekenis?

***"Die aarde is ŉ blink blou pêrel."*** (par. 1) (1)

1.7.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.7.1. (2)

1.8 Waarom, dink jy, drink ŉ mens koue water as jy wil dieet? (par. 4) (1)

1.9 Hoekom moet ŉ mens kosse met ŉ hoë waterinhoud eet? (1)

1.10 Hoe word selluliet veroorsaak? (1)

1.11 Hoekom, dink jy, moet ŉ mens eerder ŉ glasbottel gebruik om water in te stoor? (1)

1.12 1.12.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR.

***Alle mense moet 8 glase water per dag drink.***

1.12.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 1.12.1. (2)

1.13 Hoekom, dink jy, moet mense wat baie alkohol gebruik en kafeïendrankies drink, baie water gebruik? (1)

1.14 Hoekom help water dat jou lewer en niere gesond bly? (1)

1.15 Wat vervoer water na die selle? Noem slegs 1 produk. (1)

1.16 1.16.1 Word die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

***"Kop bo water hou."*** in die volgende sin:

*Dit is een van die redes hoekom boere sukkel* ***om kop bo water te hou.***

1.16.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.16.1. (1)


1.17 Wat, dink jy, moet gedoen word om te keer dat mense water mors? (2)

1.18 Watter **WOORD** in par. 6 beteken dieselfde as **ons liggaam klam moet maak**? (1)

1.19 1.19.1 Is die titel van die leesstuk waar of onwaar?

1.19.2 Motiveer jou keuse in ŉ volsin. (1)

**Teks B**




[Bron: http://www.grafika24.com/category/categories/education-categories/]

1.20 Hoekom verskyn daar 'n ✓ en 'n ✗ oor die 2 figure links onder in die advertensie? (1)

1.21 Rangskik die stelling in KOLOM B om by die woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (1.21.1 tot 1.21.2) en die antwoord neer, bv. 1.21.3. D. (2)

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.21.1 Bande | A Heupe |
| 1.21.2 Afdelings | B Ondersteuning |
| | C Eweredige verspreiding |

1.22 Wat sal gebeur as die rugsak se bande te lank is? (1)

1.23 Wat sal gebeur as die agterkant van die rugsak nie van harde materiaal gemaak is nie? (1)

1.24 Watter soort werk doen Lizet van der Merwe? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2: EKSAMENSTRES

## TEKS C

**Lees hierdie artikel hieronder aandagtig deur en voer die instruksies uit.**

1. Som sewe aspekte van hoe jy eksamenstres kan verminder in SEWE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS IN JOU EIE WOORDE neer.
3. Nommer die sinne van 1–7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### EKSAMENSTRES

1 Eksamenstres is vir alle leerders en ook volwassenes ŉ groot kopseer. Hier is ŉ paar riglyne wat jou sal help om jou vir die eksamen voor te berei:

2 Moet nooit die belangrikheid van enige eksamen onderskat nie daarom moet jy op jou einddoel bly fokus. Jou uitslae het ŉ langtermyn effek. Moet dit nooit vergeet nie. Jy moet jouself organiseer deur seker te maak dat jou notas op datum is. Maak gebruik van ŉ stelsel wat jy vir jouself uitwerk sodat jy presies weet waar alles is.

3 Jy sal moet aanvaar dat jou sosiale lewe tydens die eksamen en die voorbereidingstydperk laer op jou prioriteitslys sal afbeweeg. Jy moet dus aanpassings maak deur te prioritiseer. Nie al die mense in jou groep sal op dieselfde tyd eksamen as jy skryf nie en sommige van hulle beskou heel moontlik nie hul studies in dieselfde ernstige lig nie. Moenie onder groepsdruk swig nie as jy aanhoudend uitgenooi word om hulle te vergesel.

4 Maak seker dat jy jou werk verstaan. Vra jou onderwyser om jou te help of stig ŉ studiegroep. Elke persoon het nie dieselfde benadering vir ŉ leervak as vir ŉ berekeningsvak nie. Maak seker dat jy van studiemetodes gebruik maak wat vir jou werk.

5 Dit is nie nou die tyd om jou eetpatroon te verander nie. Jy moet juis nou natuurlik ŉ gesonde dieet volg sodat jou liggaam op sy beste kan funksioneer.

[Aangepas uit *ŉ Kursus in studiemetodes vir leerders in die sekondêre-/hoërskool.* Aanbieder: Dr. Petrus Herbert]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

**Teks D**

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Aangepas uit www.spur.co.za]

3.1 Die woorde ***SPURFEK*** is woordspel. Watter twee woorde word gebruik om een woord te vorm? (1)

3.2 Watter maand word hier gevier? (1)

3.3 ***Dit neem twee vir 'n spesiale aand*.** Waarna verwys die 'twee'? (2)

3.4 Hoekom word ***Sweet Sticky Spur Basting*** in Engels geskryf? (1)

3.5 Hoekom verskyn daar twee hartjies in die advertensie? (1)

3.6 Hoekom is die prentjie van die kos so groot in die middel van die advertensie gedruk? (1)

3.7 Hoekom word ***'n lus vir die lewe*** twee-maal in die advertensie herhaal? (1)

3.8 Herskryf die sin: ***Vier die aand van liefde met twee geregte in een*.** (1)

Begin so: Die aand van liefde ...

3.9 Hoe word die spesiale aanbod boaan die advertensie beklemtoon? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

### Teks E

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.




4.1 Watter ironie lê in die feit dat die hond se naam Strepe is? (1)

4.2 Hoekom, dink jy, kom daar ses vraagtekens in raampie 2 voor? (1)

4.3 Hoe weet jy, as jy na Kleinboet se gesig kyk, dat hy nie gelukkig met sy Ouboet se woorde is nie? (Raampie 2) (1)

4.4 Hoe weet ons dat Ouboet uit die veld geslaan is met Kleinboet se woorde? (Raampie 3) (1)

4.5 Hoekom word NIE in raampie 3 in hoofletters geskryf? (1)

4.6 Wat is die funksie van die ellips in raampie 2? (1)

4.7 Skryf die volgende sin in die indirekte rede

Kleinboet sê: "Ek het vir Strepe geleer hoe om te fluit."

Begin so: Kleinboet sê dat ... (1)

4.8 Wat beteken die volgende idioom? (Skryf slegs die vraagnommer en letter as antwoord neer, bv. 4.8 E.)

*Al doende leer mens*.

A ʼn Mens leer met oefening.
B ʼn Mens doen net dinge as jy leer.
C Met alles wat ʼn mens doen, leer jy ʼn les.
D ʼn Mens moet niks anders doen wanneer jy besig is om te leer nie. (1)

4.9 4.9.1 Dink jy Strepe kan leer hoe om te fluit? Ja of nee.

4.9.2 Gee ʼn rede vir jou antwoord in VRAAG 4.9.1. (1)

4.10 Gebruik die HOMONIEM van ***leer*** in ʼn sin sodat die betekenis duidelik na vore kom. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: PROSA

**Teks F**

**Die vrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.**

**"*OUERS DREIG MET REGSTAPPE NÁ BAKLEIERY MET ONNIE.*"**

1 Robin het nie sy huiswerk gedoen nie. Die onderwyseres ruk die boek uit sy hand en vra hard: "Wat gaan jou verskoning vandag wees?" Hy laat sy pen val omdat hy so bang is en die ink maak 'n merk op die onderwyseres se rok. Hy moet voor die hele klas verskoning vra. Sy ouers weier; Robin is al genoeg verneder en sy ouers dreig met regstappe. Sy straf is toe om 'n opstel te skryf. Ek sal graag dié opstel wil lees om Robin se kant van die saak te hoor!

2 Ons weet almal dat dit vandag nie (speel) is om skool te hou nie. In party skole is daar totale anargie. Kinders leer van (kind+regte), dat dit onderwysers teen die mure wil (uitdryf/uitdruif). Wat dit nog moeiliker maak, is dat ouers hul "onskuldige bloedjies" ten volle ondersteun.

3 Om dissipline in die skool te behou, moet daar ook gesag in die ouerhuis wees. Dit is elke ouer se plig om (elke dag) gesag oor hulle kinders uit te oefen en om hulle maniere te leer en om ander te respekteer.

[Brief verwerk en aangepas uit *Die Burger,* 20 Augustus 2008]

5.1 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Robin het nie sy huiswerk gedoen nie. Die onderwyseres ruk die boek uit sy hand. (daarom) (1)

5.2 Herskryf die volgende sin in die DIREKTE REDE. (1)

Die onderwyseres vra wat sy verskoning gaan wees.

5.3 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Hy skree op Robin.

Begin so: Hy behoort nie ... (1)

5.4 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Robin is (bang). (1)

5.5 Herskryf die sin in die ONTKENNENDE VORM (NEGATIEWE VORM).

Robin is al deur sy vriende verneder. (1)

5.6 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Vandag is dit nie (speel) om skool te hou nie. (1)

5.7 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Kinders leer van (kind+regte). (1)

5.8 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM / PASSIEF.

Ouers ondersteun die "onskuldige bloedjies" ten volle. (1)

5.9 Herskryf die volgende sin in VRAAGVORM.

Daar moet ook gesag in die ouerhuis wees. (1)

5.10 Gee 'n SINONIEM uit paragraaf 1 vir ***van die hand wys.*** (1)

5.11 Herskryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

In party skole is daar totale anargie (1)

5.12 Kies die KORREKTE SPELLING van die woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.12) en die antwoord neer.

Dit wil onderwysers teen die mure (uitdryf/uitdruif) (1)

5.13 Gee EEN WOORD vir die woord tussen hakies.

Dit is elke ouer se plig om (elke dag) gesag oor hulle kinders uit te oefen. (1)


5.14 Skryf die SELFSTANDIGE WERKWOORD in die volgende sin neer.

Die onderwyser het die boek uit sy hand geruk. (1)
**[14]**

Kopiereg voorbehou 

**TEKS G**

- Die taalvrae wat volg, is op die prentjie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Verwerk uit *Beeld*, 13 September 2006]

5.15 Herskryf die sin en begin met die woorde wat gegee word.

Frankie kan nie lees nie. Frankie kan nie Wiskunde doen nie.

Begin so: Frankie kan nóg ... (1)

5.16 Gee die KORREKTE AFRIKAANSE woord vir "worry". (1)

5.17 Gee die KORREKTE AFKORTING vir die volgende woord.

**wiskunde** (1)

5.18 Daar kom 'n skryftekenfout by die volgende woord voor, skryf die woord oor en korrigeer die skryftekenfout sodat die spelling korrek is.

**vlieenier** (1)

5.19 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (5.19) en die antwoord neer.

Die seun se (skaatsbord/skaatsplank) staan teen die stoel. (1)

5.20 Kies die woord wat NIE korrek is nie. Skryf slegs die vraagnommer (5.20) en die letter neer, bv. 5.20 E.

**Dalk** beteken:

A miskien
B moontlik
C beslis
D waarskynlik (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou